

Ontwikkeling van 'n gekwantifiseerde-self-tegnologie-konseptuele raamwerk vir die monitering van diabetes

B Mutunhu, B Chipangura, S Singh

Kollege vir Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie, Universiteit van Suid-Afrika, Suid-Afrika
Korresponderende outeur: B Mutunhu E-pos: belindamutunhu@gmail.com

Inleiding: Die doel van hierdie artikel is om die faktore te identifiseer wat die aanvaarding van gekwantifiseerde-self-tegnologie (GST) vir die monitering van diabetes beïnvloed. GST is tegnologie wat die selfnasporing van biologiese of fisiese elemente, omgewingsdata, individuele geestestoestande of gedragselemente vergemaklik deur gebruik te maak van draagbare tegnologie of mobiele gesondheidstoepassings. Die voordele van GST is nog nie behoorlik in die gesondheidssektor gerealiseer nie, ondanks die potensiaal daarvan om lewensbedreigende chroniese siektes soos diabetes te moniteer. Hierdie studie het faktore geïdentifiseer wat die aanvaarding van GST vir die monitering van diabetes beïnvloed.

Metodes: Hierdie studie is 'n sistematiese literatuuroorsigstudie wat ewekniegeëvalueerde gepubliseerde artikels en referate tussen 2018 en 2023 ontleed het. Die artikels en referate is uit vyf wetenskaplike databasisse, EBSCO, Web of Science, Science Direct, Proquest en Scopus, onttrek. Altesaam 42 artikels en referate is met gebruik van die Voorkeurverslagdoeningsitems vir Sistematiese Oorsigte en Meta-ontledings (Preferred Reporting Items for Systematic Reviews and Meta-Analyses (PRISMA)) ontleed.

Resultate: Hierdie studie stel 'n konseptuele raamwerk voor vir die aanvaarding van GST vir die monitering van diabetes. Die belangrikste faktore wat die aanvaarding van GST deur diabetiese pasiënte beïnvloed, is geïdentifiseer as tegnologiebewustheid, tegnologievoorbereidheid van die diabetiese pasiënt, diensgehalte van mediese toepassings, sosiale norme, en veiligheidskwessies wat met mediese toepassings verband hou. Hierdie faktore was die hoofkonstrukte van die voorgestelde konseptuele raamwerk van hierdie studie.

Gevolgtrekking: Die literatuurontleding het die belangrikste faktore aan die lig gebring wat die aanvaarding van GST vir die monitering van diabetes beïnvloed. Die voorgestelde konseptuele raamwerk plaas GST binne die veelvuldige oorvleuelende komponente daarvan wat saam die aanvaarding van GST vir die monitering van diabetes beïnvloed.

Bydrae: Hierdie artikel dra literatuur by op die gebied van tegnologieaanvaarding, met die fokus op die gebruik van GST vir die monitering van diabetes. Dié is 'n nuwe nisarea en die begrip van aanvaardingspatrone van GST vir die monitering van diabetes is waardevol vir die verskaffing van hulpbronne vir primêre gesondheidsorg vir mense met diabetes.

Sleutelwoorde: gekwantifiseerde-self-tegnologie, selfnasporing, diabetes, selfmonitering, mobiele gesondheidstoepassings, afstandgesondheid monitering, drabare toestelle, lewenstyl, persoonlike analise

Towards a quantified-self technology conceptual framework for monitoring diabetes:

Introduction: The objective of this paper is to identify the factors that influence the adoption of Quantified Self Technology (QST) in monitoring diabetes. QST facilitates the tracking by oneself, their biological or physical elements, environmental data, individual mental states or behavioural elements using either wearable technology or mobile health apps. The benefits of QST have not been properly realised in the health sector despite their potential in monitoring life-threatening chronic diseases such as diabetes. This study identified factors that influence the adoption of QST in monitoring diabetes.

Methods: This is a systematic literature review study that analysed peer-reviewed published papers between 2018 to 2023. The papers were extracted from five scholarly databases, EBSCO, Web of Science, Science Direct, Proquest and Scopus. A total of 42 papers were analysed using the Preferred Reporting Items for Systematic Reviews and Meta-Analyses (PRISMA).

Results: This study proposes a conceptual framework for the adoption of QST for monitoring diabetes. The main factors that influence the adoption of QST by diabetic patients were identified as technology awareness, technology preparedness of the diabetic patient, service quality of medical applications, social norms, and security concerns related to medical applications. These factors constituted the main constructs of the proposed conceptual framework of this study.

Conclusion: The literature analysis uncovered the main factors that influence the adoption of QST for monitoring diabetes. The proposed conceptual framework situates QST within its multiple intersecting components that together influence its adoption in monitoring diabetes.

Contribution: This paper contributes literature in the field of technology adoption, focusing on the use of QST in monitoring diabetes. This is a new niche area and understanding adoption patterns of QST in monitoring diabetes is valuable in providing resources for primary health care for people with diabetes.

Keywords: quantified self technology, self tracking, diabetes, self monitoring, mobile health apps, remote health monitoring, wearable devices, lifelogging, personal analytics

Inleiding

Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) het die leidende beginsel verskaf vir die bestuur van oordraagbare en nie-oordraagbare siektes (World Health Organization, 2019). Een so 'n siekte is diabetes, 'n ongeneeslike nie-oordraagbare leefstylsiekte wat miljoene mense wêrelwyd aantas (Zimmermann et al. 2018). Die bestuur van diabetes vereis gereeld monitering van bloedglukosevlakke, dieetinname, fisiese aktiwiteit en medikasienakoming. Navorsing het getoon dat die swakhede van tradisionele metodes om diabetes te moniteer, oorkom kan word deur die vermoëns van GST te benut (Lupton 2017; Heyen 2020).

Daar word ook na GST verwys as selfnasporing (Ajana 2020; Heyen 2020; Riggare et al. 2019), selfmonitering (Brohi et al. 2020), lewenslogboek-optekening (Wilkwoska 2021; Kim et al. 2019) en persoonlike informatika/analise (Lupton 2017; Kooiman et al. 2018; Maltseva & Lutz 2018; Dulaud et al. 2020; Heyen 2020; Feng et al. 2021). GST word gebruik om data te versamel, te ontleed en in stand te hou wat deur selfkwantifiseerders gebruik word om hul langtermynndoelwitte uit te voer en te bereik om gewigsverlies, gesonde slaap, gesonde gedrag, welstand en, bowenal, 'n beter begrip van hul liggamo na te spoor (Calvard 2019). Dit is 'n selfheidsaktiwiteit wat voldoen aan sosiokulturele norme rakende die belangrikheid van selfbewustheid, introspeksie en die aanvaarding van verantwoordelikhede vir die bestuur, beheer en verbetering van 'n mens se bestaan in die lewe. Die GST-era het in mense die wil gestimuleer om hulself buite die beperkings van die natuur, ouderdom en siektes te verbeter, wat hulle in staat stel om buite die omvang van hul normale en fisike vermoëns te funksioneer (Lupton 2019). GST gebruik tegnologiese hulpmiddels soos draagbare toestelle, mobiele toepassings en ander digitale hulpmiddels (Heyen 2021; Feng et al. 2021). GST kan help om gesondheidsorgkoste te verminder, diabetes te bestuur, medikasienakoming te bevorder, motiveringsondersteuning te bied, diabetes te moniteer na gelang dit ontwikkel, ouer mense by te staan en aktiwiteit- en dieetnasporing te bevorder om sodoende die lewensgehalte van diabete te verbeter. (Almegbel & Aloud 2021; Felipe et al. 2022).

Daar is 'n agterstand in die sistematiese oorsigte wat fokus op die aanvaardingspatrone en die faktore wat die aanvaarding van GST beïnvloed. Min is bekend oor hoe lede van gemarginaliseerde of gestigmatiseerde groepe, soos dié in Afrika, selfnasporing doen, teenstand daarteen bied of dit selfs herontwerp (Lupton 2017). 'n Deeglike ontleding is nodig van 'n wye verskeidenheid onlangse literatuur wat ons help om die motivering onderliggend aan die gevolge van gekwantifiseerde selfgedrag (GS-gedrag) in die monitering van diabetes

te verstaan. Daarom het hierdie oorsig ten doel om die faktore te ondersoek wat die aanvaarding van GST deur diabetiese pasiënte beïnvloed. Dit stem ooreen met die hoofnavorsingsvraag van die studie: "Wat is die faktore wat die aanvaarding van GST vir die monitering van diabetes beïnvloed?". Om hierdie faktore te identifiseer, is die ondersoek in die vorm van 'n sistematiese literatuurontleding uitgevoer.

Die res van hierdie artikel is soos volg georganiseer: Afdeling 2 bespreek die agtergrond van die Studie, Afdeling 3 die metodes, Afdeling 4 die resultate, Afdeling 5 die bespreking, Afdeling 6 die voorgestelde konseptuele raamwerk en Afdeling 7 die gevolgtrekking en toekomstige rigting vir navorsing.

Agtergrond tot die studie

Hierdie studie het 11 sistematiese literatuuroorsigartikels en -referate hersien om die gekwantifiseerde-self-verskynsel (GS-verskynsel) te verstaan. Die getal studies wat deur hierdie sistematiese oorsigte gedek word, is 'n minimum van 26 studies (Almalki et al. 2016) en 'n maksimum van 523 studies (Epstein et al. 2020), terwyl een oorsig nie die getal studies wat gedek is, gespesifieer het nie (Swann et al. 2021). Die geïndustrialiseerde lande, naamlik die Verenigde State van Amerika en dié op Europese vasteland, het die meerderheid van die studies oor GS opgelewer. Verdere ontleding van die artikels en referate toon dat die domein van die GS-verskynsel interdissiplinêr is, soos blyk uit verskillende publikasieveld, wat die mediese veld, mediese informatika, inligtingstelsels en rekenaarwetenskap insluit. (Epstein et al. 2020; Yfantidou et al. 2023). Die bevindings toon dat die GS-verskynsel in die mediese veld na die 1990's terugdateer (Mogre et al. 2019). Nietemin het die inligtingstelselsveld aan die lig gebring dat dit 'n ontwikkelende veld is wat rondom 2014 oorheersend begin raak het, veral in navorsing wat fokus op die benutting van GS in die monitering van chroniese siektes (Mogre et al. 2019; Feng et al. 2021). Gevolglik het die meeste gepubliseerde artikels en referate oor GS in 2014 tot 2017 begin verskyn en in daardie tydperk aansienlik toegeneem.

Navorsers wat 'n oorsig van die GS-verskynsel gedoen het, verklaar dat selfkwantifisering hoofsaaklik gebruik word deur mense wat tegnologie wil benut om 'n beter begrip van hul eie liggamo te verkry (Jiang & Cameron 2020; Tabaei-Aghdaei et al. 2023; Yfantidou et al. 2023). Om dit te bewerkstellig, moet hulle selfkwantifiseringsaktiwiteite onderneem, soos data-insameling en -ontleding. Dus is gesondheidselfkwantifisering data gedrewe sowel as doelwitgeoriënteerd deur GS-hulpmiddels bemiddel (Almalki et al. 2016). Hierdie GS-hulpmiddels is deur die artikels en referate waarvan oorsigte gedoen is, geïdentifiseer as mobiele toepassings, webgebaseerde nasporings-

programme, mediese toestelle (glukometers) en draagbare tegnologieë (slimhorlosies), wat selfmonitering van chroniese siektes moontlik maak (Jiang & Cameron 2020; De Moya & Scornavacca 2019). Selfontoepassings is inderdaad die mees gebruikte GS- hulpmiddels (Lentferink et al. 2017). Hierdie hulpmiddels stel individue in staat om data intyds, moeiteloos en naatloos in te samel en aan selfnaspoorders gedetailleerde insigte in hul daaglikske gewoontes en roetines te gee. In die mediese veld is die redes wat die meeste vir selfkwantifisering aangegee word, gedragsverandering, bewustheid, gewoonte en bestuur van chroniese siektes (Epstein et al. 2020; Tabaei-Aghdaei et al. 2023). Daarbenewens onthul die inligtingsstelselsdomein ook dat selfkwantifisering belangrike voordele inhoud, soos voorbereidheid, data-insameling, gebruikersnadenke en -optrede, en sosiale bande (Jiang & Cameron 2020).

Die mediese veld het gefokus op die kliniese ervaring van GST in die verbetering van gesondheidsuitkomste en die bestuur van chroniese siektes. Oorsigte in hierdie veld fokus hoofsaaklik op die toepassing van die doelwitstellingsteorie in die meting van fisiese aktiwiteit om te verstaan wat 'n doelwit is, hoe om doelwitte te klassifiseer, hoe om doelwitte te stel en die implikasies van die stel van doelwitte vir 'n mens se gesondheid (Swann et al. 2021; Ogbeivi 2021; Tabaei-Aghdaei et al. 2023). Die bevindinge van die bogenoemde oorsigte toon dat die stel van doelwitte beide positiewe en negatiewe implikasies inhoud. Die positiewe gesondheidsverwante uitkomste is tevredenheid, verbeterde lewensgehalte en siektebestuur (Tabaei-Aghdaei et al. 2023). As gevolg hiervan kan doelwitte help as 'n motiveerde of aansporing om selfkwantifiseerders te help om voort te gaan met selfnasporingsaktiwiteite totdat hulle die beoogde uitkomste bereik. Andersydse het vorige navorsing getoon dat aktiwiteitnasporingshulpmiddels vir selfkwantifisering vals inligting kan produseer, wat gebruikers se uitvoering van en vertroue in hierdie metodes kan benadeel (Almalki et al. 2016). Net so bevind ander navorsing dat doelwitte om 'n mens se gesondheid te meet wat nie behoorlik gestel is nie, negatiewe gevolge kan hê, soos stres, druk, onetiese gedrag en persepsies van mislukking, wat daar toe kan lei dat persone nie hul gesondheid naspoor nie (Swann et al. 2021; Ogbeivi 2021).

Ander oorsigte in die mediese veld het gefokus op nakomingsgedrag (Mogre et al. 2019). Hul bevindings toon dat diabetiese pasiënte in middel- tot lae-inkomstestudies nie diabetesselfversorgingsgedrag soos dieet en oefening nakom nie, wat 'n redetotkommeris, gegewe die gesondheidsuitkomste wat met swak diabetesbestuur verband hou.

Oorsigte in die rekenaarwetenskapdomein het gefokus op ontwerpoorwegings vir die evaluering van tegnologiese selfkwantifisingsingrepe (Yfantidou et al. 2023). Hierdie studies staan die noodsaaklikheid voor van die ontwikkeling van gestandaardiseerde, betroubare en uitbreibare raamwerke vir gesondheidsgedragsverandering (GGV) en gebruikersbetrokkenheid (GB). Om dit te bewerkstellig, moet masjienleerbiblioteke en voorafgeboude toepassingprogrammering-koppelvlakte benut word.

'n Oorsig en sintese van die literatuur oor die GS in inligtingstelsels toon dat hierdie studieveld nog in sy kinderskoene is, aangesien baie min studies die selfkwantifisingsverskynsel ondersoek het. Daarom is oorsigte op hierdie gebied maar skraps en het dit nie 'n gemeenskaplike fokus nie (Almalki et al. 2016; De Moya & Pallud 2019; Jin et al., 2020). 'n Vroeë oorsig op hierdie gebied deur Almalki et al. (2016), met die fokus op studies uitsluitlik gebaseer op die Aktiwiteitsteorie, toon dat dit moeilik is om 'n nuttige gesondheidsuitkoms te bereik, omdat 'n mens die data moet bestuur en daaroor moet besin. Nietemin het De Moya en Pallud (2019) gefokus op die aanvaarding en benutting van selfnasporingstegnologieë. Hul bevindinge toon dat die belangrikste faktore wat die aanvaarding van selfnasporing beïnvloed, sosiale norme en hedonistiese motivering is. Hierbenewens het 'n oorsig wat fokus op die dryfkragte agter fiksheidsnasporingstegnologieë aan die lig gebring dat die belangrikste kategorie dryfkragte wat aanvaarding beïnvloed, gebruikerskenmerke, toestelkenmerke, persepsie van voordele/risiko's en eksterne dryfkragte, sosiale faktore en gesondheidsfaktore is (Jin et al. 2020). Jiang en Cameron (2020) het uitsluitlik gefokus op die selfmonitering van chroniese siektes deur 'n organiserende raamwerk oor die huidige status van IT-gebaseerde selfmonitering (ITSM) te lewer. Hulle het gevind dat ITSM verskeie aspekte van chroniese sorg kan transformeer.

Wat omvang betref, het oorsigte in die mediese veld hoofsaaklik gekonsentreer op die ontwerp van mediese ingrypings en mediese metodologieë, soos ewekansige kontrole-eksperimentele proewe en nie-ewekansige eksperimentele proewe, om nakoming te moniteer (Lentferink et al. 2017; Mogre et al. 2019; Earle et al. 2021; Yfantidou et al. 2023; Tabaei-Aghdaei et al. 2023). In die inligtingstelselsdomein is die kwantitatiewe metode die mees gebruikte metodologie in studies waarvan 'n oorsig gedoen is (De Moya & Pallud 2019; Feng et al. 2021). Hierdie metodologie is gebruik vir beskrywing en voorspelling eerder as verduideliking van GS. Ten spyte van die relevansie van kwantitatiewe studies, wat slegs statistiese betekenis verskaf wat nie verduidelikend is nie, is dit nodig om hierdie faktore te ondersoek met behulp van ander navorsingsmetodologieë, soos kwalitatiewe of gemengde metodes, aangesien dit addisionele relevante faktore kan openbaar en aan ons 'n dieper begrip van die GS-verskynsel kan gee.

Wat teoretiese grondslae betref, het die meeste studies nie hul navorsing op teorie gegrond nie. Diegene wat dit wel gedoen het, het gebruik gemaak van die Tegnologie-aanvaardingsmodel (TAM); die Selfbeskikkingsteorie (SBT) (Feng et al. 2021; Yfantidou et al. 2023); die Sosiaal-kognitiewe Teorie (Jiang & Cameron 2020; Lentferink et al. 2017); die Aktiwiteitsteorie (Almalki et al. 2016); die Uitgebreide TAM (UTAUT) (De Moya & Pallud 2019); en die Doelwitstellingsteorie (Ogbeivi 2021). Hierdie teorieë, spesifiek die Sosiaal-kognitiewe Teorie, TAM en UTAUT, is hoofsaaklik gebruik om as inset in die ontwerp van ingrypings te dien of om studieresultate te vertolk, eerder as om hipoteses te ondersteun (Jiang & Cameron 2020). Gevolglik verwys die meeste van hierdie studies na teorie om as inset in

ingepe en die ontwerp van hulpmiddels te dien of om ontwikkeling te meet, maar gebruik hulle nie teorie om die verwantskappe wat ondersoek word, te verduidelik nie. Hierdie teoretiese onderbou was dus meestal teenwoordig in navorsing wat fokus op selfmonitering, voortsetting van gebruik, motiewe en doelwitte (Lentferink et al. 2017; Jiang & Cameron 2020; Feng et al. 2021; Yfantidou et al. 2023). Hierdie bevindinge toon dat daar geen gemeenskaplike teoretiese raamwerk vir selfkwantifiseringsingryping en -aanvaarding is nie. Die gebrek aan teoretiese grondslae waarop die navorsing berus, laat dus baie onbeantwoorde vrae. Daarom is daar 'n behoefte om nuwe substantiewe navorsingsteorieë te ontwikkel wat die GS-verskynsels kan kontekstualiseer om beter met konteks-spesifieke eise verband te hou. 'n Oorsig van die literatuur toon dat 'n nuwe raamwerk meer kan lewer en omvattender oplossings kan bied. Gegewe hierdie oorwegings is verdere teoriegerigte navorsing steeds nodig om die teoretiese en konseptuele onderbou te versterk en ons begrip van GST te verbreed (Feng et al. 2021).

Nietemin gaan die GS-beweging voort om te ontwikkel en individue te inspireer om 'n aktiewe rol in hul eie selfverbetering te speel. Deur die krag van tegnologie en persoonlike data te benut, bied dit nuwe moontlikhede om menslike gedrag, gesondheid en prestasie te verstaan en te optimaliseer.

Verskeie algemene toekomstige navorsingsrigtings word deur hierdie oorsigte voorgestel, ondanks die feit dat dit uit verskillende dissiplines voortspruit. Dit sluit in die behoefte om te fokus op privaatheids- en vertrouenskwesties wat verband hou met die GS-verskynsel (De Moya en Pallud 2019; Epstein et al. 2020); die behoefte om navorsing deur teoretiese lense te begrond (Almalki et al. 2016; Jiang & Cameron 2020; De Moya & Pallud 2019; Epstein et al. 2020); die behoefte om pasiënte se houding teenoor GS-aanvaarding te verstaan, asook teenoor die hindernisse en fasilitateerders van selfnaspeling (De Moya & Pallud 2019; Feng et al. 2021); en die behoefte om studies te kontekstualiseer omdat verskillende sosio-kulturele kontekste, veral dié wat uit ontwikkelende lande voortspruit, belangrike faktore aan die lig kan bring wat GST-aanvaarding beïnvloed (De Moya & Pallud 2019).

Met inagneming van hierdie beperkings wat betref die omvang van voorafgaande oorsigte en die groeiende hoeveelheid navorsing oor GS, is daar 'n behoefte aan 'n huidige en omvattende literatuuroorsig. Dit is teen hierdie agtergrond dat hierdie studie 'n sistematiese literatuuroorsig doen met die doel om die faktore te ondersoek wat die aanvaarding van GST beïnvloed. Indien die rol van GST in die bestuur van chroniese siektes verkeerd verstaan word, kan dit lei tot misgelooppe geleenheidte ten opsigte van praktyk sowel as navorsing (Jiang & Cameron 2020).

Metodes

'n Sistematiese literatuurontleding- (SLR-) metodologie is gebruik om die navorsingsvraag te beantwoord: "Wat is die faktore wat die aanvaarding van GST in die monitering van diabetes beïnvloed?". Die stappe van die Voorkeurverslag-

doeningsitems vir Sistematiese Oorsigte en Meta-ontledings (PRISMA) sluit identifisering, sifting en kwalifisering in, en het literatuurontleding van hierdie studie gestruktureer (Rethlefsen & Page 2022).

Identifisering

Die ewekniegeëvalueerde en gepubliseerde artikels en referate wat in hierdie studie ontleed is, is uit vyf wetenskaplike databasisse verkry, naamlik ProQuest-, EBSCO-, Web of Science-, Science Direct- en Scopus-navorsing. 'n Soekterm is gekonstrueer om 'n navraagsoektog deur die bogenoemde databasisse te doen, en dit het 'n aantal variasies gehad om by die sintaksis van die databasisse te pas. Die struktuur van die soekterm was soos volg: (TITEL ("Seltrack*" OF selftrack* OF "QuantifiedSelf*" OF "selmonitor*" OF selfmonitor* OF "lifelog*" OF lifelog* OF "personalanalytic*" OF "personalinformatic*") EN TITEL (diabet*)). Uitvoering van die soektog het 1 536 artikels en referate opgelewer, wat soos volg versprei was: EBSCO n = 25 artikels en referate, Proquest n = 698 artikels en referate, Web of Science n = 150 artikels en referate, Science Direct n = 343 en Scopus n = 320.

Sifting

Die artikels en referate wat vir ontleding ingesluit is, is tussen 2018 en 2023 gepubliseer. Artikels en referate wat uitgesluit is, was van mediese vaktydskrifte wat nie op die toepassings van GST gefokus het nie. Uit die 1 536 artikels en referate wat geïdentifiseer is, is altesaam 1 101 artikels en referate uitgeskakel deur die titel en opsomming van die artikel of referaat te hersien.

Kwalifisering

Al die artikels en referate wat opgespoor is, is in Engels geskryf en die onderwerpe van die artikels en referate was inligtingstegnologie, inligtingstelsels of gesondheidsinformatika. Die artikels en referate was ewekniegeëvalueer en in vaktydskrifte of konferensiebundels gepubliseer. Die artikels en referate wat ingesluit is, het gefokus op die toepassing of aanvaarding van GS om diabetes, leefstyl of selfverbetering te moniteer. Daarom het 155 artikels en referate oorgebly.

Ingesluit

Altesaam 155 vraestelle is gekeur en is aan 'n tematiese oorsig onderwerp. Twee rondes oorsigte is gedoen. Die eerste oorsig is gedoen om oorsigtelik deur die artikel te lees en te bepaal of elke artikel wel die navorsingsvraag van die artikel hanteer het. Ná die eerste ronde is 113 artikels en referate uitgesluit. Die oorblywende 42 referate is in die tweede ronde ingesluit en is ontleed om faktore te identifiseer wat die aanvaarding van GST deur diabetiese pasiënte vir die monitering van diabetes of enige ander siekte of as 'n leefstylgewoonte-hulpmiddel beïnvloed. Die faktore wat geïdentifiseer is, is dan in temas gegroepeer en is vir die ontwikkeling van 'n GST-konseptuele raamwerk gebruik.

Resultate


Die riglyne van die Voorkeurverslagdoeningsitems vir Sistematiese Oorsigte en Meta-ontledings (PRISMA) is gebruik, soos voorgestel deur Moher et al. (2009). Die vloediagram vir hierdie studie met behulp van PRISMA word in Figuur 1 uitgebeeld.

Studies wat ontleed is en ooreenstemmende faktore wat aanvaarding beïnvloed

Hierdie studie het 42 artikels en referate hersien. Die volledige lys publikasies en ooreenstemmende faktore word in Tabel I weergegee.

Hierdie artikels en referate het altesaam 12 faktore geïdentifiseer wat die aanvaarding van GST beïnvloed. Figuur 2 bied hierdie faktore en die frekwensie daarvan aan in die publikasies wat in Tabel I gelys word.

Die potensiële voordele en vooruitsigte wat GST bied, is deur alle navorsingstudies (42 uit 42 publikasies) genoem as 'n faktor wat die aanvaarding van die tegnologie beïnvloed. Nasporing, selfmonitering, pasiëntbetrokkenheid en kommunikasie deur dokters, koste-effektiewe uitkomste, chroniesiektebestuur, medikasienakoming, kennis van die siektes, taakmotivering, data-insameling en hulpverlening aan bejaardes is die 10 primêre geleenthede wat gevind is.




Figuur 1: Die soekproses met insluitings- en uitsluitingskriteria

Tabel 1: Faktore wat die aanvaarding van GST beïnvloed wat in die literatuur geïdentifiseer is

Outeur en jaar	Waargenome bruikbaarheid van die tegnologie	Waargenome gemak van gebruik	Sosiale invloed	Waargenome plesier	Persepsie van betrouwbaarheid	Bekostigbaarheid van tegnologie	Data-privaatheid	Toegang tot hulp-	Ervaring	Bewustheid	Vertroue	Waargenome voordeel
Zhang & Mao 2023	✓	✓	✓		✓							✓
Zhang et al.2023	✓		✓									✓
Martinez-Ibáñez et al.2022	✓				✓		✓				✓	
Jakowski 2022	✓											✓
Kimura et al. 2022	✓	✓	✓	✓	✓	✓						✓
Grosová et al. 2022	✓	✓	✓	✓	✓	✓						✓
Schretzmaier et al. 2022	✓	✓	✓	✓	✓	✓						✓
Chittim et al. 2022	✓				✓	✓						✓
Jin et al.2020	✓				✓	✓	✓					✓
Findeis et al. 2021												✓
Mak et al. 2021	✓				✓	✓	✓					✓
Zhao et.al.2021					✓							✓
Chen et al. 2021	✓				✓		✓					✓
De Moya et al.2021	✓				✓		✓					✓
Lv et al. 2021	✓					✓						✓
Almegdèl & Aloud 2021	✓	✓	✓		✓	✓	✓					✓
Chebolu 2021						✓						✓
Wilkowska et al. 2021	✓											✓
Lee & Lee 2020												✓
Liu et al. 2020	✓											✓
Dulaud et al.2020	✓											✓
Ajana 2020	✓					✓						✓
Heyen 2020	✓											✓
Brohi et al. 2020												✓
Lupton 2019	✓											✓
Gangadhara batla 2020	✓	✓				✓	✓					✓
Pentikäinen,2019												✓
Breil et al. 2019	✓	✓				✓	✓					✓
Zhang et.al. 2019												✓
Zhang et al. 2019												✓
Riggare et al. 2019												✓
Khakurel et al.2019												✓
Kim et al. 2019	✓											✓
Mishra et al. 2019	✓											✓

Tabel 1: Faktore wat die aanvaarding van GST beïnvloed wat in die literatuur geïdentifiseer is (vervolg)

Outeur en jaar	Waargenome bruikbaarheid van die tegnologie	Waargenome gemak van gebruik	Sosiale invloed	Waargenome plesier	Persepsie van betrouwbaarheid	Bekostigbaarheid van tegnologie	Data-privaatheid	Toegang tot hulpbron	Ervaring	Bewustheid	Vertroue	Waargenome voordeel
Jeffrey et al. 2019	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Yu et al. 2019	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Apolinário-Hagen et al. 2018	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Schroeder et al. 2018	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Rupp et al. 2018	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Koiman et al. 2018	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Zhao et al. 2018	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Lee & Lee 2018	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Maltseva & Lutz 2018	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓



Figuur 2: Faktore wat GST-aanvaarding beïnvloed

Nog 'n belangrike invloed was die tegnologie se persepsie van bruikbaarheid (30 artikels uit 42). Die artikels waarvan oorsigte gedoen is, het genoem dat vir die GST om waardevol vir gebruikers te wees, dit dienste moet bied wat vir hulle voordeelig is, soos die vermoë om hul diabetes konsekwent te moniteer (Kimura et al. 2022).

Sosiale norme het ook as 'n prominente faktor na vore gekom (20 uit 42 artikels). Hierdie resultate dui daarop dat die aanvaarding van GST beduidend beïnvloed word deur die sosiokulturele milieu.

Ervaring van die tegnologie is ook 'n belangrike faktor (19 artikels). Die waarskynlikheid dat gebruikers die tegnologie gebruik, is groter by individue wat dit voorheen gebruik het as by niegebruikers.

Die persepsie van gemak van gebruik van die tegnologie was nog 'n faktor wat belangrik gevind is. Dit is in 17 publikasies aangehaal en daar is getoon dat dit 'n baie groot instaatsteller van en 'n afskrikmiddel vir die aanvaarding van tegnologie is, aangesien gebruikers geneig is om die kompleksiteit van tegnologie te ondersoek voordat hulle dit aanvaar.

Ander faktore wat na vore gekom het, sluit in die kostefaktor, wat in hierdie studie bekostigbaarheid van die tegnologie genoem word. Dit sluit die prys van die aankoop van slimfoontegnologie en die koste van die aflaai en gebruik van die GS-toepassing in, omdat dit breeband benodig. 'n Ander faktor wat as 'n moontlike hindernis vir aanvaarding genoem is, was die toegang tot hulpbronne (12 artikels). Hulpbronne wat in hierdie oorsig geïdentifiseer is, sluit die beskikbaarheid van netwerke, internet, die selfkwantifiseringstoepassing en slimfone in.

Kommer oor dataprivaatheid en vertrouenskwesties het ook baie voorgekom (10 artikels). Die hoë voorkoms van kommer oor dataprivaatheid en vertrouenskwesties dui daarop dat gebruikers die risiko's verbonde aan 'n tegnologieoorweeg voordat dit geïmplementeer word, en dit moet geïdentifiseer en geëvalueer word voordat tegnologie aanvaar word.

Hoewel die meerderheid van die studies (31 uit 42 publikasies) nie die bewustheidstoestand vir die GS (voldoende kennis) bespreek of ondersoek het nie, het die 11 studies wat dit gedoen het, nie 'n deeglike uiteensetting van die bewustheidskomponent verskaf nie. Volgens die bevindings is daar

nie veel omvattende navorsing gedoen oor hoeveel kennis daar oor diabetesmonitering met behulp van GST bestaan nie. Aangesien die bewusheidsfase uiters belangrike en groot implikasies het vir die aanvaarding van GST gebaseer op die Diffusie van Innovasies-teorie, is navorsing nodig oor diabete se bewustheid van die vooruitsigte en uitdagings wat dit bied.

Bespreking

Hierdie studie het ten doel gehad om die faktore te bepaal wat die aanvaarding van GST in die monitering van diabetes beïnvloed. 'n Oorsig van die literatuur het aan die lig gebring dat vyf hooftemas gewoonlik betrokke is by die faktore wat die aanvaarding van GST beïnvloed: Tegnologiebewustheid, Tegnologievoorbereidheid, Diensgehalte, Sosiale Norme en Sekuriteitskwessies (Chen et al. 2021; Jeffrey et al. 2019; Kavandi & Jaana 2020). Hierdie temas en gevolglike faktore word hieronder bespreek.

Tegnologievoorbereidheid van die diabetiese pasiënt

Tegnologievoorbereidheid van die diabetiese pasiënt is die vermoë van individue om nuwe tegnologie effektiel en doeltreffend te gebruik (Hero 2020; Machaba & Bedada 2022). By gebruikers wat tegnologievoorbereid is deur ervaring van die tegnologie of soortgelyke tegnologieë, wat toegang tot hulpbronne het en wat die koste verbonde aan die tegnologie kan bekostig, is die kans groter dat hulle tegnologie sal aanvaar (Almegbel & Aloud, 2021; Schretzlmair et al. 2022; Grosová et al. 2022; Jeffrey et al. 2019; Zhao et al. 2021). Tabel II bied die faktore aan wat verband hou met tegnologievoorbereidheid en waar daar in die literatuur daarna verwys is.

Tegnologiese ervaring

Tegnologiese ervaring verwys na vertrouerdheid met die tegnologie deur vorige praktiese gebruik van soortgelyke toepassings of die waarneming van die tegnologie in gebruik oor 'n tydperk (Ayaz & Yanartas 2020; Wilkowska et al. 2021). Hierdie konstruk is 'n matigende faktor in modelle soos die TAM, UTAUT en UTAUT (2) (Venkatesh et al. 2003). Vorige navorsing dui daarop dat mense met 'n hoëvlak van ervaring meer optimisties is oor die gebruik van die tegnologie en dit

dus aanvaar, vergeleke met diegene wat nie sulke ervaring het nie (Jeffrey et al. 2019; Gangadharbatla 2020; Breil et al. 2019; Apolinário-Hagen et al. 2018; Wilkowska et al. 2021).

Toegang tot hulpbronne

Toegang tot hulpbronne is die toeganklikheid van alle tegnologiese hulpbronne wat nodig is om 'n individu in die gebruik van die tegnologie te ondersteun (Teye & Duah 2022). In teoretiese modelle soos UTAUT (2) en TAM kan dit bekend staan as fasiliterende toestande (Venkatesh et al. 2003). Die aanvaarding van GST kan positief of negatief deur die toegang tot hulpbronne beïnvloed word (Schretzlmair et al. 2022). 'n Studie in Tsjeggies toon dat die toegang tot GST-hulpbronne soos slimfone geen invloed op die aanvaarding van GST het nie, aangesien die meerderheid van die bevolking eienaars en gebruikers van slimfone is (Grosová et al. 2022). In teenstelling hiermee dui ander studies daarop dat die gebrek aan hulpbronne soos internettoegang daar toe lei dat individue nie hul gesondheid naspoor nie en dus nie GST aanvaar nie (Zhang et al. 2019; Mishra et al. 2019).

Bekostigbaarheid van die tegnologie

Die UTAUT-model het die bekostigbaarheidskomponent bekend as koste ondersoek en opgemerk dat dit verband hou met die persepsie van voordele van die programme en die finansiële koste om dit te gebruik. (Venkatesh et al. 2003). GST het bekostigbaarheidskoste verbonde aan die verkryging, opdatering en instandhouding daarvan. Bekostigbaarheid is 'n belangrike bron van kommer vir Saoedi- en Chinese verbruikers omdat gesondheidsverwante toepassings self gratis deur hul gesondheidsministeries voorsien word (Almegbel & Aloud 2021; Zhang et al. 2019). Die bevindinge van Schretzlmair et al. (2022) by 88 persent van hul navorsingspopulasie toon dat indien selfbestuursagteware bekostigbaar is vir pasiënte, hulle dit sal benut. As die koste egter hoog is, sal dit 'n impak op opname hê en aanvaarding belemmer. In die lig hiervan ondersteun navorsers dat bekostigbaarheid van die tegnologie eers voor enige GS-aanvaarding geëvalueer moet word, aangesien dit verskillende implikasies vir individue het op grond van hul indiensnemingstatus, gesinsinkomste en land (Almegbel & Aloud 2021; Zhao et al. 2021; May et al. 2021).

Tabel II: Tegnologiese voorbereidheidsfaktore

Hooftema	Subfaktore	Bibliografiese verwysings
Tegnologie-voorbereidheid van die diabetiese	Tegnologie-ervaring	Gangadharbatla 2020; Wilkowska et al. 2021; Apolinário-Hagen et al. 2018; Martínez-Ibáñez et al. 2022; Kimura et al. 2022; Chittim et al. 2022; Jin et al. 2020; Mak 2021; Chen et al. 2021; Brohi et al. 2020; Zhang et al. 2019; Jeffrey et al. 2019; Rupp et al. 2018; Lee & Lee 2018; Breil et al. 2019; Pentikäinen 2019
	Tegnologiese koste	Jin et al. 2020; Almegbel & Aloud 2021; Findeis et al. 2021; Schretzlmair et al. 2022; Grosová et al. 2022; Kimura et al. 2022; Pleus et al. 2022; Mak 2021; Zhang & Mao 2023; Chittim et al. 2022; Chen et al. 2021; Brohi et al. 2020
	Toegang tot hulpbronne	Almegbel & Aloud 2021; Findeis et al. 2021; Jeffrey et al. 2019; Zhao et al. 2021; Mak 2021; Schretzlmair et al. 2022; Apolinário-Hagen et al. 2018; Zhang et al. 2019; Chittim et al. 2022; Pentikäinen 2019

Tegnologiebewustheid

Tabel III gee die Tegnologiebewustheidsfaktor weer, en waar daar in die literatuur daarna verwys is.

Tegnologiebewustheid kan die aanvaarding van GST aansienlik beïnvloed, aangesien verbruikers wat nie bewus is van die tegnologie dit nie sal benut nie, selfs al hou dit voordele in (Almegbel & Aloud 2021). Om bewus te wees beteken om te weet en te verstaan dat iets gebeur of bestaan. Zhang et al. (2019) merk op dat die mees prominente hindernis vir die gebruik van GS-toepassings mense se gebrek aan bewusheid van hierdie toepassings as potensiële mediese hulpmiddels is. Volgens 'n onderhou was deelnemers aan die studie onbewus van gesondheidsverwante toepassings en het hulle nog nooit daaraan gedink om 'n selfnasporingsprogram vir selfmonitering te gebruik nie. Net so was deelnemers aan 'n ander studie nie daarvan bewus dat daar mobiele programme vir die nasporing van simptome van pulmonale siekte (PS) bestaan nie (Mishra et al. 2019). In 'n studie wat in China gedoen is, was die oorgrote meerderheid van die bevolking, veral jong volwassenes, ook onbewus van diabetesmellitus-programme en van self-monitering van bloedglukose (SMBG). Deur bewustheid te verhoog, sal mense hul toestande beter begryp en voortgaan om diabetesbestuurshulpmiddels te gebruik (Zhang et al.

2019; Lv et al. 2021; Zhang et al. 2019). Daarbenewens het 'n ander studie in Indië die belangrikheid van die bewusmaking van selfmonitering van diabetes beklemtoon, sodat Indiërs hierdie praktyk nie as ongekultiveerd beskou nie, maar as voordelig vir hul gesondheid (Chittem et al. 2022).

Diensgehalte van mediese toepassings

Delone en McLean se suksesmodel vir inligtingstelsels omskryf diensgehalte as kliënte wat tevrede is as hulle goeie diens ontvang, of diens ontvang soos hulle verwag het (DeLone & McLean 2003). In die Servqual-model word servqual (van die Engels "service quality") beskryf as dit dit daarop gerig is om die verskil te meet tussen wat mense wil hê en hoe hulle voel oor die werklike diens wat hulle ontvang (Singh & Khanduja 2010; Ali et al. 2018). Diensgehalte as faktor is van kardinale belang vir GST-aanvaarding omdat dit verbruikers se bereidwilligheid om die tegnologie vorentoe te benut beïnvloed. In die konteks van hierdie studie beïnvloed persepsie van gebruiksgemak van die tegnologie, persepsie van bruikbaarheid van die tegnologie, persepsie van voordele van die tegnologie en genotvolheid die diensgehalte. Tabel 4 gee hierdie faktore weer, en waar daar in die literatuur daarna verwys is.

Tabel III: Tegnologiebewustheid

Hooftema	Subfaktore	Bibliografiese verwysings
Tegnologie-bewustheid		Jeffrey 2019; Apolinário-Hagen et al. 2018; Zhang et al. 2019; Pleus et al. 2022; Chittem et al. 2022; Brohi et al. 2020; Martínez-Ibáñez et al. 2022; Lv et al. 2021; Lee & Lee 2020; Lupton 2019; Zhang et al. 2019; Zhao et al. 2018; Lee & Lee 2018

Tabel IV: Diensgehalte van mediese toepassings

Hooftema	Subfaktore	Bibliografiese verwysings
Diensgehalte van mediese toepassings	Persepsie van gemak van die gebruik van die tegnologie	Almegbel & Aloud 2021; Jeffrey 2019; De Moya et al. 2021; Zhao et al. 2018; Gangadharbatla, 2020; Wilkowska et al. 2021; Apolinário-Hagen et al. 2018; Schretzmaier et al. 2022; Rupp et al. 2018; Zhang & Mao 2023; Zhang et al. 2023; Chen et al. 2021; Kim et al. 2019; Breil et al. 2019; Yu et al. 2019
	Persepsie van bruikbaarheid van die tegnologie	Jeffrey et al. 2019; De Moya et al. 2021; Zhao et al. 2018; Gangadharbatla 2020; Jin et al. 2020; Zhao et al. 2021; Wilkowska et al. 2021; Almegbel & Aloud 2021; Apolinário-Hagen et al. 2018; Zhang et al., 2019; Schretzmaier et al., 2022; Grosová et al. 2022; Zhang & Mao 2023; Chen et al. 2021; Heyen 2020; Riggare et al. 2019; Kim et al. 2019; Kooiman et al. 2018; Dulaud et al. 2020; Breil et al. 2019; Yu et al. 2019
	Persepsie van betrouwbaarheid	Jeffrey 2019; Almegbel & Aloud, 2021; Jin et al. 2020
	Persepsie van voordele	Mishra et al. 2019; Allouch & Van Velsen 2018; Lee et al. 2022; Liu et al. 2020; Breil et al., 2020; Abbaspur-behbahani et al. 2022; Kim et al., 2019; Jakowski 2022; Utesch et al. 2022; Kooiman et al. 2018; Almegbel & Aloud, 2021; Jeffrey 2019; De Moya et al., 2021; Zhao et al. 2018; Gangadharbatla 2020; Wilkowska et al., 2021; Apolinário-Hagen et al., 2018; Schretzmaier et al. 2022; Rupp et al. 2018; Zhang & Mao, 2023; Q. Zhang et al., 2023; Chen et al. 2021; Maltseva & Lutz 2018; Zhang et al. 2019; Ajana 2020; Chebolu 2021; Findeis et al. 2021; Heyen 2020; Riggare et al. 2019; Kim et al. 2019; Dulaud et al., 2020; Breil et al. 2019; Yu et al. 2019
	Persepsie van genotvolheid	Jin et al. 2020; Mak 2021; Schretzmaier et al. 2022; Grosová et al. 2022; Zhang et al. 2023; Lupton 2019

Persepsie van gemak van die gebruik van die tegnologie

'n Gebruiker se persepsie dat tegnologie maklik is om te gebruik, soos gemeet deur TAM, UTAUT en HITAM, is nodig vir 'n positiewe persepsie van diensgehalte vir GST-aanvaarding. Aanvaardingskoerse kan aansienlik verhoog word deur 'n intuïtiewe en gebruikersvriendelike koppelvlak wat duidelike en eenvoudige taal gebruik, gerieflik is, nuttige instruksies bied en minimale opleiding benodig (De Moya et al. 2021; Gangadharbatla 2020; Zhao et al. 2018; Zhao et al. 2021). Net so toon 'n kwalitatiewe studie wat in Duitsland en Oostenryk gedoen is dat mense se langtermyngebruik van selfbestuurstoestelle vir diabetes afhang van die toestelle se bruikbaarheid en persepsie van gebruiksgemak sonder om fisiese belemmering te veroorsaak (Schretzmaier et al. 2022). Ander navorsers het ook die belangrikheid van persepsie van gebruiksgemak vir ouer individue met spesifieke behoeftes bevestig, en daarop gewys dat ouer persone aangepaste programme verkies wat maklik is om te gebruik en 'n groter lettergrootte het wat vir visie verstelbaar is (Apolinário-Hagen et al. 2018; Jeffrey et al. 2019; Zhao et al. 2018). Daarteenoor het ander navorsers soos Zhang et al.(2019) en Rupp et al.(2018) nie gebruiksgemak as 'n belangrike beïnvloedende faktor in die bruikbaarheid van programme vir diabetesbestuur beskou nie.

Persepsie van bruikbaarheid van die tegnologie

Die persepsie van bruikbaarheid van die tegnologie is 'n gebruiker se evaluering van hoe waardevol 'n tegnologie vir hulle is, wat weer GST-aanvaarding beïnvloed (Davis 1986). Dis 'n houdingsfaktor wat GST-aanvaarding beïnvloed wat aan die lig kom uit die TAM-, UTAUT- en HITAM-model. Duidelike voordele van die tegnologie, die vermoë om probleme op te los, verpersoonliking en toepaslikheid vir die gebruiker se behoeftes kan lei tot die aanvaarding van die tegnologie. Volgens studies oor programme vir diabetesselfnasporing is pasiënte meer geneig om diabetesbestursprogramme te gebruik as hulle oortuig is dat hulle baat daarby kan vind (Jeffrey et al. 2019; Zhang et al. 2019; Zhao et al. 2021; Apolinário-Hagen et al. 2018). In die besonder, Zhao et al. (2021) demonstreer dat GST as waardevol beskou kan word, mits dit as nuttig beskou word en gebruikers nuwe dienste bied. Volgens 'n ander Saoedi-Arabiese studie word tegnologie as nuttig beskou en is dit waarskynliker dat dit aanvaar sal word as daar 'n emosionele voordeel aan die gebruik daarvan verbonde is (Almegbel & Aloud 2021). Daarbenewens, vir die tegnologie om nuttig te wees, behoort die inligting wat deur GST versamel is, presies en betroubaar te wees. Die tegnologie moet verbruikers ook aanmoedig om dit te gebruik deur terugvoer te gee, doelwitte te stel en dit maklik te maak om data met ander te deel.

Genotvolheid

Gebruikers se persepsie van hoeveel hulle dit geniet om 'n produk of diens te gebruik, staan bekend as persepsie van genieting (Venkatesh, Morris, et al. 2003). Na gelang die genot en vermaakklikheidswaarde verbonde aan GST-aanvaarding toeneem, hoe groter is die aanvaarding van die gebruik van die

tegnologie deur diabetiese pasiënte (Grosová et al. 2022; Schretzmaier et al. 2022). Hierdie konstruk kom uit die UTAUT2-model en die kognitief-motiverende verhoudingsteorie (Venkatesh et al. 2003). In 'n studie deur Schretzmaier et al. (2022) het al die mHealth-gebruikers hul vreugde uitgespreek oor 'n toepassing wat help om hul siekte te bestuur. Gevolglik het 63% van die mHealth-gebruikers opgemerk dat indien dit 'n genot is om 'n toepassing te gebruik, dit hulle aanpor om hul bloedglukose gereeld na te gaan, wat daartoe lei dat hulle die tegnologie aanvaar en aanneem. In teenstelling met hierdie bevindings, het 'n studie in Tsjeggie aan die lig gebring dat genot 'n onbeduidende faktor in GST-aanvaarding was, maar die gebruikers het geen pret daarin gesien nie en ook nie toestelle wat gebruik word, soos fiksheidshorlosies, interessant en modieus gevind nie (Grosová et al. 2022). Om die waarheid te sê, in 'n studie wat deur Lupton (2019) gedoen is, het een van die navorsingsdeelnemers gerapporteer dat selfnasporing nie pret was nie, maar eerder 'n las, en hulle dus nie motiveer om hul diabetes na te spoor nie.

Voordele van mediese tegnologie

GST brei vinnig uit en het die potensiaal om gesondheidsorg te transformeer. GST doen nasporing van en meet 'n verskeidenheid persoonlike gesondheidsdata, soos slaappatrone, bloedsuikervlakte, fisiese aktiwiteit en meer, met behulp van draagbare tegnologie en mobiele gesondheidstoepassings. Dan kan individue met behulp van hierdie inligting meer selfbewus raak, chroniese toestande bestuur, beter gesondheidsbesluite neem, kommunikasie verbeter, lewensgehalte verbeter deur die vordering van siektes na te spoor, die gevolge van behandeling te evaluateer, medikasienakoming te bevorder en bejaardes by te staan (Jeffrey et al. 2019; Zhang et al. 2019; De Moya et al. 2021). Pasiënte sal GST aanvaar as hulle hierdie voordele erken.

GST kan gebruik word om vitale tekens soos bloeddruk en suikervlakte te moniteer. Wanneer hierdie inligting gebruik word om medikasiedosisse en ander lewenstylkeuses te modifiseer, kan 'n mens 'n positiewe houding teenoor die gebruik van hierdie tegnologie inneem en sodoende gesondheidsuitkomste verbeter (Fan & Zhao 2022). Volgens 'n ander studie kan GST pasiënte met veelvuldige sklerose help om hul simptome te bestuur en om aan te pas by die onvoorspelbaarheid van die siekte (Apolinário-Hagen et al. 2018).

Hierbenewens kan GST help om kommunikasie te verbeter (Kim et al. 2019; Almegbel & Aloud 2021; Fan & Zhao 2022). Dokters kan 'n beter begrip hê van die pasiënt se toestand en hoe hulle op behandeling reageer wanneer pasiënte hul GST-data met hul dokters deel. Dit kan dus tot beter besluitneming oor behandelingsplanne lei.

GST kan ook gebruik word om die progressie van siektes na te spoor (Mishra et al. 2019; Allouch & Van Velsen 2018; Lee et al. 2022). Vroeë waarskuwingstekens van siekteprogressie kan met behulp van hierdie inligting opgespoor word, en behandelingsplanne kan dienooreenkomsdig aangepas word.

